Om God se stem te hoor.

Sessie 6

Herken die stem van God.

Spr. 20: 27 Die asem van die mens is die Here se lamp; daarmee deursoek Hy al die kamers van die binneste.

“God will not compete for our attention. In most cases God will not run over us”

“The unobtrusiveness of the medium (*ons self*) makes it seemingly unremarkable, unassuming and perhaps even not immediately noticed”

“In contrast with other cases, the medium through which the message comes is diminished to the vanishing point, taking the form of thoughts that are our thoughts, though these thoughts are not from us. The human spirit becomes the “candle of the Lord”

Johannes 10: 3 Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. 4Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. 5Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie.”... 14“Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My. ... 27My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.

Die Bybel as raamwerk:

"The Bible expresses the mind of God, since God himself speaks to us through its pages. Thus we, in understanding the Bible, come to share his thoughts and attitudes and even come to share his life through his Word. Scripture is a communication that establishes communion and opens the way to union….We will be spiritually save in our use of the Bible if we follow a simple rule: Read with a submissive attitude.
Study as intelligently as possible, with all available means, but never study merely to find the truth and especially not to proof something."

<u>Wanneer ‘n woord of gedagte by ons opkom – deur ander, die stil stem van my binnewêreld, ‘n spesiale ervaring, teksgedeelte of omstandighede; hoe weet ek of dit die stem van God is?</u>

Ons leer dit deur ervaring met gereelde inoefening.

Dit gebeur oor tyd.

- **<u>Drie merkers</u>**:
  1. Omstandighede/mense
  2. Die Bybel
  3. Bewegings van die Gees.

- Hou in gedagte: Om God se stem te hoor, beteken nie dat ons nie self moet dink en ‘n besluit moet neem of en hoe ons reageer nie.
- Die drie merkers help ons net as merkers om te oorweeg in die proses van oorweeg en besluit.

Die algemene reël is dat die drie merkers as ‘n geheel saamwerk.

As dit wel deur ons eie gedagtes kom, hoe is God se stem anders as ander gedagtes?

Daar is ‘n bepaalde gesag en eie karakter aan die stem van God wat in ons binneste en gedagtes beweeg en wat ‘n sekere gewig dra en ‘n bepaalde indruk maak – dieper as ons eie gedagtes.

“The voice of the subconscious argues with you, tries to convince you; but the inner voice of God does not argue, does not try to convince you. It speaks, and it is self-authenticating. It has the feel of the voice of God within it.”

“The voice of God speaking in our souls also bears within itself a characteristic spirit. It is a spirit of exalted peacefulness and confidence, of joy, of sweet reasonableness and of goodwill. His voice is not the voice of a bully…It is, in short, the spirit of Jesus”

“The content of a word that is truly from God will always conform to be consistent with the truths about Gods nature and kingdom that are made clear in the Bible.”

<u>Moenie haastig wees nie:</u>

Dis ‘n goeie algemene reël om met die ervaring van die hoor van God se stem oop te wees dat God dit vir jou kan bevestig met ‘n woord of opmerking van ‘n medegelowige, ‘n Bybelteks, ‘n beeld of gebeure of ‘n onverwagse herhaling van die boodskap.
(Noem voorbeelde)

<u>Die fluistering van God sal groei.</u>

Hoewel ‘n woord van God in die stil sagte stem kom, sal dit groei tot ‘n kragtige woord met groot vrug en implikasie as mens daarop gehoor gee en dieper luister.

Oppas vir die stem van "maanskyn en rose"

God se stem beloof nooit dat daar nie swaarkry en kruis opneem sal wees nie.

<u>Die stem van Satan.</u>

Dit kom ook in die vorm van gedagtes en persepsies (Gen. 3 en Jesus se versoeking in die woestyn) Die stem is egter in kontras met die gevoel, die gees, atmosfeer en aard van God se stem.

(vrees vs. Liefde)

Wat as ek verkeerd hoor?

Jy mag verkeerd hoor! Dis deel van die leer van die hoor van Sy stem! (as jy waag, sal jy sien dat jy meestal reg hoor)

Die feit dat God met ons praat beteken nie dat ons "super" en onfeilbare gelowiges is nie.

"More of God speaking to me has come in conjunction with study and teaching of the Bible than anything else."

<u>Dis geen luukse!:</u>

Onthou: Om God se stem te ken en in my daaglikse lewe te hoor wanneer hy praat in ons harte en gedagtes is nie ‘n luukse nie. Dit is die naelstring van lewe met God waaruit ek krag en lig kry om my unieke lewe op aarde te leef.

Dit bind my aan medegelowiges en maak dat die koninkryk as geheel deur ons manifesteer.

“We can get by in life with a God who does not speak. Many at least think they do. But it is not much of a life, and it is certainly not the life God intends for us.”

Toets dit:

Almal wat beweer dat hulle God se stem hoor is nie noodwendig reg nie. Soos jy God se stem in jou eie lewe toets, so doen ons met mekaar se aansprake op die hoor van Sy stem. (Handelinge)

Beskeidenheid en ontsag vir God is waardevol.

Soos wat mens groei in die hoor van God se stem, begin mens meer en meer tuis voel en identifiseer met die verhale en gebeure van karakters in die Bybel wat God se stem gehoor het en daarop gereageer het. (Hulle stories raak naby aan ons eie stories)

<u>Meeste wat God vir jou sê is vir jou bedoel:</u>

Moenie haastig wees om dit wat God met jou deel en in jou lewe inspreek dadelik met ander of almal te deel nie. Dit is meestal vir jou vorming en gemeenskap met God.

Raadpleeg God daaroor.

Jy sal weet wanneer Hy iets deel wat vir ‘n ander bedoel is.
(Voorbeeld – George bs. Groep)

God praat nie meer in raaisels nie:

Hoewel God praat deur ons eie gedagtes en waarnemings is dit wel so dat hierdie gedagtes en persepsies, wanneer ons daarop fokus, die onmiskenbare karakter van God se Gees en bedoeling in ons lewe uitlig.

(Let op hoe Paulus onderskei tussen woorde wat hy getuig dat dit Goddelike gesag dra en sy eie woorde en oordeel)

<u>Die vrug van die Gees vermeerder altyd wanneer ons reageer op die stem van God</u>:

Wanneer jy reageer op ‘n woord van God, sal die vrug van die Gees (Gal. 5) in jou hart, gedagtes en in die situasie vermeerder. (al is die eerste reaksie dalk die van angs of ontnugtering)

Vrae en nadenke:

- Waardeur ervaar jy die stem van God die meeste?

1. Gebeure of mense
2. Die Bybel
3. Bewegings van die Gees in jou gedagtes

- Wat beperk jou soms om ingestel te wees op die hoor van God se stem?

- Is daar genoeg Bybel inhoud in jou geheue dat die Gees daarmee kan werk om God se stem in jou te laat werk? (memoriseer tekste en geestelike liedere)

- Het jy ervaring van ander wat ‘n persoonlike woord van God met jou deel? Hoe het jy dit ervaar?

„Spreek Here, U dienskneg luister.”